Arends Rus

Algemene Info

Wat om te verwag

Posbus 1,000
Kranspoort
1080
Mpumalanga
Sel of Whatsapp: 082 888-5341
arendsrus@mweb.co.za

Arends Rus is geleë tussen Middelburg en Groblersdal reg langs Loskop Dam in Mpumalanga.

Arends Rus is nie 'n kommersiële oord nie. Dit is 'n plaas met 3 x hout-hutte. Die hout-hutte (log cabins) kan 12 mense in totaal huisves. Hulle is naby genoeg aan mekaar vir 'n groep van 4, 8 of 12 mense om saam te kuier, tog ver genoeg van mekaar om privaat te wees. Verwag dus 'n vriendelike, rustige plaas atmosfeer sonder die kommersiële "overcrowding" terwyl jy die pragtige uitsig oor feitlik die hele Loskopdam met unieke sonsondergange beleef!

Selfsorg: Die hout-hutte is selfsorg. Die kombuis is ten volle toegerus vir vier persone met eetgerei, breekware, yskas/vrieskas, mikrogolf, ketel en gasstoof. Geen dienste word verskaf nie, maar indien nodig, kan dit gereël word teen R150 pd vir beddens, skottelgoed en uitvee.

Die slaapkamers is toegerus met plafon-waaiers.Alle linne, komberse en kussings word voorsien. GEEN handdoeke word voorsien nie - bring asb julle eie handdoeke saam. 'n Heffing van R150 sal gehef word vir vuil cabins na vertrek.

Elke hout-huis het sy eie privaat braai area, skadunet parkering en buite stort. Ons is baie water-besparings-bewus, daarom 'n natuurlike tuin. Ons gebruik boorgatwater wat getoets en veilig is. As julle nie boorgatwater drink nie, bring asseblief julle eie gebottelde water saam.

L.W: Elke hut het 4 tot 5 trappe wat moontlik nie geskik vir bejaardes mag wees nie - dus, ook nie rolstoel vriendelik nie.

Rook: Geen rook word in enige huis toegelaat nie asook geen rondstrooi van stompies nie. Oortredings in die verband sal 'n boete van R250 tot gevolg hê.

Pad: Arends Rus is geleë bo-op 'n berg. Die plaaspad berg-op is NIE geskik vir lae suspensie-motors of lae-profiel bande nie. VW Golfs (en groter) word aanbeveel.

Swembad: Daar is 'n swembad, swembaddek en grasperk by die Hoofhuis vir julle gerief. GEEN kinders word by die swembad toegelaat sonder ouer toesig nie, aangesien die swembad nie omhein is nie en ons geen toesig oor kinders hou nie.

Braaihout en ys is beskikbaar op die plaas gekoop.

WiFi: Gratis WiFi is beskikbaar – voorwaardes geld.

Sonsondergang: Vanaf die Hoofhuis kan jy ook ons unieke sonsondergange oor Loskop beleef, terwyl Koedoes, Klipspringers en Mountain Reedbuck jou gereeld kan verras.

TV: Hier is geen TV's nie. Ons vertrou dat julle ons gekies het juis om te ontspan, met familie en vriende te "bond" terwyl julle die bosveld natuur geniet.

Indien jy jou gunsteling sport of seepie moet kyk, is 'n Big Screen TV's by GO-2 Steakhouse beskikbaar. Vir die adrenalien junkies is daar van Zip-line tot paint-ball en meer, alles naby geleë.

Hengel: Hengel is ongelukkig nie toeganklik vanaf Arends Rus nie, aangesien ons 180m bo-op 'n berg is. Besoekers wat graag wil hengel, kan die fasiliteite van Forever Resorts - 2 km verder gebruik - toegangsfooi van toepassing.

Bote: Daar is parkeerplek vir bote aan die onderkant van die berg. Die ingang van die plaas is permanent gesluit. Moet asb nie jou boot of sleepwa berg-op sleep nie, aangesien daar nie draai-spasie bo is nie.

Laat Aankoms: Daar is 'n na-uur fooi van R200 indien later as 18:00 ingeboek word.

Troeteldiere: Ongelukkig word geen troeteldiere toegelaat nie.

Ekstra: Onthou asb om jou persoonlike benodigdhede saam te bring, bv. flitslig, (Eskom onderbrekings), mozzi-spuit, sonblok, fire-lighters, gemaklike loopskoene, hoed, medikasie, ens.

Ons sien daarna uit om julle binnekort te ontmoet!

Nic & Sonia van Rensburg.

Wat ons Gaste sê . . .

- ✓ *Asemrowend!!!!! Spectacular!!! Priceless . . . - Vicky.*
- ✓ *Pragtig! Amazing! God se mooiste skildery. - Martie.*
- ✓ *Beste uitsig ooit, baie rustig en netjies, verblyf 5 ster. - Hendrik.*
- ✓ *Dit vreeslik geniet. Meer as 'n tevrede besoeker. - Nelia.*
- ✓ *Sal ander met die grootste plesier en liefde na julle pragtige plek verwys. - Juan & Elmarie.*
- ✓ *Julle plek is awesome en sal definitief weer kom kuier. Baie vriendelik, skoon en netjies. - Maaike.*
- ✓ *Wonderful hosts who helped us so much and we loved the cabins. I've seen some views on my travels but WOW! - Jeremy (Australia).*
- ✓ *Baie lekker rustig en die uitsig is fantasties. Mens voel sommer lekker tuis by julle. Five Stars. - Retha.*
- ✓ *Nic and Sonia were great hosts going the extra mile. The views are amazing and one can relax and unwind. This little piece of heaven with nice and clean accommodation. Five Stars. - Jaques.*
- ✓ *Wow, wow, wow. You are treated with so much love and care. - Mariska.*
- ✓ *We woke up to a breathtaking view of the Loskopdam. 2 little Klipspringers also came to visit. - Madeleine.*

Welcome!



Things
to do

Close-by

Arends Rus

Selfsorg Berg Hout-hutte

Tariewe (p/cabin/p/nag)

Posbus 1,000
Kranspoort
1080
Mpumalanga
082 888-5341
arendsrus@mweb.co.za

LAE SEISOEN			MID SEISOEN			HOë SEISOEN		
01 Mei tot 31 Aug			16 Jan tot 30 Apr & 1 Sept tot 30 Nov			1 Des tot 15 Jan & alle Publieke Vakansiedae		
Midweek:	R	700	Midweek:	R	900	Des. Vakansietyd	R	1,500
Naweke:	R	1,100	Naweke:	R	1,300	Alle Publieke Vakansiedae	R	1,500

Belangrike Inligting:

1	Alle uitstaande bedrae moet vereffen word by aankoms. Geen kredietkaart-fasiliteite beskikbaar op die plaas. Slegs kontant of onmiddelike EFT betalings word aanvaar.
2	Elke cabin slaap maksimum 4 persone (volwassenes en/of kinders). R150 pppn vir addisionele kinders.
3	Elke cabin het sy eie stoep, braai-hoek en motor afdak asook warm-water buite stort.
4	Minimum van 2 nagte oor naweke of vakansiedae. Indien nie, word 'n 50% fooi van die dag-tarief gehef.
5	Algemene kostes: Aankoms na 18:00 of vertrek voor 08:00 sal 'n R200 heffing kos. Geen skoonmaak diens word gelewer nie. Dit kan aangevra word teen R150 p.d. vir beddens opmaak, skottelgoed was en vee van vloere. Indien 'n cabin onnet gelaat word, word R150 gehef.
6	Geen kinders word alleen of sonder ouer toesig by die swembad toegelaat nie. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige voorval by die swembad nie.
7	Ons Senior Burgers (60 en ouer) geniet 'n korting van 20% regdeur die jaar, behalwe gedurende Piek Seisoen en vakansiedae. BELANGRIK: korting is slegs van toepassing indien bespreking en betaling direk by Arends Rus gedoen word. Geen korting indien bespreking deur 'n agent gedoen was nie.
8	Om besprekings te bevestig, word 'n minimum van 50% deposito verlang. Alle besprekings word op 'n "first pay, first booked" basis hanteer. Tot dan word dit slegs as 'n navraag ge-ag. Die balans en algemene sleutel deposito moet by aankoms vereffen word.
9	Ons behou die reg voor om, sonder verdere kennis, navrae te kanselleer indien nog geen deposito of betaling ontvang is nie.
10	Indien kontant in ons rekening gedeponeer word, word 'n 2% bankfooi gehef. Betaal eerder EFT of kontant by aankoms.
11	Tariewe mag verander sonder enige kennis. Kontak Arends Rus vir die nuutste tariewe. Die tarief op die dag van aankoms geld, ongeag van wanneer u bespreek het.
12	R500 algemene sleutel/breek/skade deposito is betaalbaar by aankoms wat per EFT terugbetaal sal word na inspeksie.
13	Ys en braaihout is beskikbaar op die plaas.
14	Reg van toegang word te alle tye voorbehou. Indien ons reëls misbruik of verbreek word, sal u en u geselskap onmiddelik verwyder en verbied word sonder enige terugbetaling.

Arends Rus

Besprekings Versoek

Posbus 1000
Kranspoort
1080
Mpumalanga
Sel & Whatsapp 082 888-5341
arendsrus@mweb.co.za

Naam en Van: _____ ID No: _____

Selfoon No: _____ Epos: _____

Huis adres: _____ Straatadres: _____

Dorp / Stad: _____ Poskode: _____

Aantal Volwassenes: _____ Aantal kinders onder 12: _____

Datum van aankoms: _____ Datum van vertrek: _____ Aantal Nagte: _____

Belangrike Inligting:			
1	Vul asb bogenoemde velde in met enige "PDF editor". Alternatiewelik, druk dit uit en vul die inligting per hand in.		
2	Vul asb een vorm vir elke cabin wat bespreek word, in.		
3	Daarna moet dit, tesame met 'n kopie van jou ID, gestuur word na: go-2@mweb.co.za en wag vir bevestiging van u datums aangevra.		
4	Ons sal u in kennis stel van beskikbaarheid waarna u 'n 50% deposito so gou moontlik inbetaal moet word - anders verval u navraag. 100% van die tarief word verlang indien daar minder as 7 dae voor aankoms bespreek word.		
5	Voorsien asb bewys van betaling (per epos) om u bespreking te bevestig.		
6	Kansellasies beleid: Deposito terugbetaling: 85% indien u 30 dae plus kennis gee; 50% indien 2 weke plus kennis gegee word; 0% indien minder as twee weke kennis gegee word.		
7	Geen terugbetaling indien u nie opdaag of voor u vertrekdatum vertrek nie - vir watter rede ookal.		
8	Besprekings is nie oordraagbaar nie, en kan ook nie namens iemand anders gemaak word nie. Toegang sal in die geval geweier word.		
9	R500 sleutel/breek/skade deposito is betaalbaar wat per EFT terug betaal sal word nadat inspeksie gedoen was.		
10	Omkring u keuse indien u belang sou stel om inligting per Whatsapp te ontvang van: Kortings, Live Shows, Specials, ens wat Arends Rus en die GO-2 Groep van tyd tot tyd mag aanbied?	**JA**	**NEE**
11	**Bank besonderhede:-** Standard Bank; Rek Naam:- N J van Rensburg; Rek No:- **202-496-635**		
12	Gebruik asb jou epos adres as verwysing.		

_____ _____

Handtekening Datum

Jou Bankbesonderhede **(vir deposito terugbetaling - skryf duidelik en in drukskruf asb)**	
a	**Bank:**
b	**Rek Naam:**
c	**Rek Nommer:**
d	**Tipe Rekening:**

Kantoor Gebruik			
Totale Bedrag verskuldig:		Ander:	
Betalings gemaak:	Kontant / EFT / Kaart	Balans Uitstaande:	
Sleutel Dep betaal:	Kontant / EFT / Kaart	Deposito Terugbetaal:	Kontant / EFT / Kaart
Hout / Ys / Ander:			